

AGRA=S VISION AND MISSION STATEMENT

AGRA IS THE LEADER IN THE SUPPLY OF AGRICULTURAL PRODUCTS, CONSUMER COMMODITIES AND MARKETING SERVICES. WE STRIVE TO CONSISTENTLY GENERATE SUSTAINABLE PROFITS THROUGH OUTSTANDING SERVICE, INNOVATION AND BY UTILISING OUR EXTENSIVE INFRASTRUCTURE AND OUR MOTIVATED PERSONNEL.

i WE TAKE PRIDE IN WHAT WE DO i

CONTENTS	Page
Supervisory Committee's report	1
Chairman's report	3
Chief Executive Officer's report	5
Auditors' report	14
Directors' report	15
Balance Sheets	21
Income Statements	22
Statements of changes in equity	23
Cash Flow Statements	24
Notes to the Annual Financial Statements	26

AGRA SE VISIE EN MISSIE

AGRA IS DIE LEIER IN DIE VERSKAFFING VAN LANDBOU-INSETTE, VERBRUIKERSGOEDERE EN BEMARKINGSDIENSTE OM DEURLOPEND VOLHOUBARE WINSTE TE GENEREER DEUR UITSTAANDE DIENS, INNOVASIE, DIE BENUTTING VAN ONS UITGEBREIDE INFRASTRUKTUUR EN GEMOTIVEERDE PERSONEEL

! ONS IS TROTS OP WAT ONS DOEN !

INHOUD	Bladsy
Verslag van die Toesighoudende Komitee	1
Verslag van die Voorsitter	3
Verslag van die Hoof Uitvoerende Beampte	5
Ouditeursverslag	14
Direkteursverslag	15
Balansstate	21
Inkomstestate	22
State van verandering in ekwiteit	23
Kontantvloeistate	24
Aantekeninge tot die finansiële state	26

for the year ended 31 July 2000

vir die jaar geëindig 31 Julie 2000

The following members served on the committee during the year:

Mr J H Nieuwoudt of Karasburg (Southern Region)
 Mr R van der Merwe of Gobabis (Central Region)
 Mrs S Zensi of Grootfontein (Northern Region)

All meetings of the board of directors were attended by at least one member of the supervisory committee, while the chairman also attended an audit committee meeting and an executive committee meeting. The full Supervisory Committee ("SC") participated in the orientation-action under leadership of the personnel manager. Feedback was received in respect of all matters raised by the SC.

During the year THE RING was used for communication. Firstly we talked with the members. At a next occasion we noted ideas surrounding the requirements for economic co-operation between farmers. Recently we wrote about the directors and the special dedication expected from the directors these days. The purpose thereof was to try and give the readers a wider perspective, stimulate thoughts and invite reaction.

Significant developments in the infrastructure of AGRA during the year were discussed in depth beforehand and decisions were not taken lightly. The transformation of the complex in Windhoek to a beautiful shopping centre should make every member of AGRA proud. The new branch in Karasburg is also a big improvement for the members of that region.

As far as affirmative action is concerned, as required by law, progress has been made. Training of the relevant staff is expensive and therefore a concerted effort should be made by everybody who has a stake in AGRA, to approach this matter with a positive attitude and to make the staff feel at ease. In the historic co-operative culture officials were seldom praised and often approached in a harsh voice. A guard in front of the mouth can be a good beginning for good co-operation.

Although there has been a slight improvement in the agricultural trade and marketing activities during the year, this core business of AGRA is still not performing optimally. This matter needs to be addressed as currently only diversification activities generate money. It is right that diversification must support the primary function. There is however a danger that diversification as such will become the objective since it helps to balance the books. It is unavoidable that the result thereof will be that focus on the core business will be lost.

It is clear that the board of directors and management are eagerly at work to make AGRA a better and more dynamic co-operative. The productivity improvement project initiated with the assistance of consultants, is proof thereof. The re-

Die volgende lede het gedurende die jaar op die komitee gedien:

Mnr J H Nieuwoudt van Karasburg (Suidelike streek)
 Mnr R van der Merwe van Gobabis (Sentrale streek)
 Mev S. Zensi van Grootfontein (Noordelike streek)

Alle vergaderings van die direksie is deur minstens een lid van die toesighoudende komitee bygewoon, terwyl die voorsitter ook 'n ouditkomitee- en UK vergadering bygewoon het. Die volle toesighoudende komitee het deelgeneem aan die oriënteringsaksie onder leiding van die personeelbestuurder. Daar is terugvoer ontvang omtrent alle sake wat deur die TK geopper is.

Gedurende die jaar is DIE RING gebruik vir kommunikasie. Eerstens is daar gesprek gevoer met lede. Op 'n volgende keer is gedagtes neergestig oor die vereistes van ekonomiese samewerking tussen boere. Onlangs is daar geskryf oor die direksie en die besondere toewyding wat deesdae van direkteure verwag word. Die doel daarmee was om 'n bietjie wyer perspektief aan lesers te probeer deurgee, gedagtes te prikkel en om reaksie uit te lok.

Groot ontwikkelings in die infrastruktuur van AGRA gedurende die jaar is vooraf indringend bespreek en besluite is nie ligtelik geneem nie. Die omskepping van die kompleks in Windhoek tot 'n pragtige inkoopentrum behoort vir elke lid van AGRA 'n trots te wees. Eweneens is die nuwe tak op Karasburg 'n aanwinst vir die lede daar.

Ten opsigte van regstellende aksie, soos deur die wet voorgeskryf, word daar vordering gemaak. Die opleiding van die regte personeel is 'n duur item en daarom behoort daar daadwerklike pogings aangewend te word deur almal wat 'n belang by AGRA het, om hierdie saak met 'n positiewe gees te benader en personeel te laat tuis voel. In die historiese koöperasie-kultuur is die amptenaar min geprys en soms geskel. 'n Wag voor die mond kan 'n goeie begin wees vir goeie samewerking.

Hoewel daar 'n effense verbetering in landbouhandel en –bemarking gedurende die jaar was, laat hierdie kernbesigheid van AGRA nog steeds veel te wense oor. Dië saak behoort aangespreek te word want dis eintlik nèt diversifikasie wat nou geld genereer. Dit is reg so dat diversifikasie die primêre doel moet ondersteun. Die gevaar bestaan egter dat diversifikasie op sigself later die doel word omdat dit die boeke laat klop. Die gevolg daarvan is onvermydelik dat die fokus op kernbesigheid vertroebel gaan word.

Dit is duidelik dat direksie en bestuur ywerig aan die werk is om van AGRA 'n beter en meer dinamiese koöperasie te maak. Die winsverbeteringsprojek wat met behulp van konsultante aangepak is, getuig daarvan. Die herstrukturering van die personeelkorps was waarskynlik 'n riller vir diegene wat dit tot uitvoer moes bring. 'n

REPORT OF THE SUPERVISORY COMMITTEE

for the year ended 31 July 2000

structuring of the personnel corps was most likely a thriller for those who had to implement it. A new approach in respect of the motivation and productivity of staff creates big expectations for the future.

Lastly the board of directors and management should once again be congratulated for an excellent financial achievement. It is indeed a privilege to be a member of an organisation who continues to perform like AGRA does, despite the same economic environment which caused other organisations to fail. The boldness of the board of directors and management indicates a trust in our country and its future and in particular of the trust in the continued support and co-operation of our members.

J H NIEUWOUDT

VOORSITTER: TOESIGHOUDEnde KOMITEE

CHAIRMAN: SUPERVISORY COMMITTEE

VERSLAG VAN DIE TOESIGHOUDEnde KOMITEE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2000

Nuwe benadering tot die motivering en produktiwiteit van personeel skep groot verwagtinge vir die toekoms.

Ten slotte moet direksie en bestuur weereens gelukkig word met 'n baie goeie finansiële prestasie. Dit is voorwaar 'n voorreg om lid te wees van 'n organisasie wat steeds presteer soos AGRA, ten spyte van dieselfde ekonomiese omgewing wat sommige ander organisasies laat struikel het. Die waagmoed van direksie en bestuur dui op vertroue in ons land en sy toekoms en in besonder op vertroue in die voortgesette ondersteuning en meeewing van ons ledekorps..

It seems that, during the first half of the year 2000, there was an improvement in the economic growth in Namibia compared to the previous year. Further forecasts indicate strong growth later this year which will further improve during 2001 to levels of 4 – 5%.

Interest rates are currently relatively low compared to previous years, but this had little impact thus far. This however should change soon. Different other sectors in the economy show growth potential as a result of investment that takes place, as well as high world market prices. As far as the agricultural sector is concerned, a further good rainy season should make a big difference to the farming environment.

We had a particularly good rainy season, but the re-establishment of our stock will still take some time. It is also too early to make a material difference to the debt situation of our farmers, which will hamper growth in our normal business.

AGRA closes the 1999/2000 financial year with a profit of N\$4,9 m for the group. It is an achievement which personally pleased me a lot, taking into account the downward trend in the agricultural sector in recent years. External investments made a material contribution to the results.

As already communicated to you, a number of capital projects have been completed during the year under review. Auas Valley should also be completed shortly and we trust that this project especially, in the years to come, will lead to the greater stability in the income flow of AGRA.

The intervention of a group of management consultants, the restructuring of our core business namely trade and livestock separately, investigation into and implementation of a new computer system, the bigger emphasis on staff management and especially training as well as the empowerment of people are all actions which, in the new year, will give momentum to the new approach of our business. We would like to focus on our branches and the service they render, combined with a special emphasis on cost effectiveness – to enable us to achieve our budget and to perhaps improve on it.

After much development and investment in recent months, this year will be characterised by consolidation. Another important aspect of our business: Preparations for the implementation of the “Affirmative Action” legislation has been ongoing for a considerable time and will stay a high priority, to ensure that all parties involved will benefit from it. It is AGRA’s aim to be there not only for the benefit of our members but for the benefit of Namibia.

Where these processes and actions have required huge inputs and contributions from management and staff – my sincere thanks to everyone. Also to every member, every supporter and every co-worker of AGRA my sincere thanks for your support and co-operation.

Gedurende die eerste helfte van 2000 blyk daar ‘n verbetering te wees in die ekonomiese groei van Namibia teenoor die vorige jaar. Verdere voorspellings dui op sterk groei later vanjaar wat gedurende 2001 verder sal voortgaan na vlakke van 4 – 5%.

Rentekoerse wat tans redelik laag lê teenoor vorige jare het tot dusver nog nie veel van ‘n impak gehad nie, maar dit sal waarskynlik binnekort verander. Verskillende ander sektore in die ekonomie toon groeipotensiaal vanweë investering wat plaasvind asook hoë wêreldmarkpryse. Ten opsigte van landbou behoort ‘n verdere goeie reënseisoen ‘n groot verskil te maak aan die boerderyklimaat.

Die afgelope reënseisoen was buitengewoon goed, maar die herstel van ons veestapel sal nog geruime tyd duur. So ook is dit te gou om ‘n wesenlike verskil te maak aan die skuldposisie van die boere, wat groei in ons normale besigheid beperk.

Agra sluit die 1999/2000 boekjaar af met ‘n wins van N\$4,9m vir die groep. Dit is ‘n prestasie waaroor ek persoonlik baie verheug is, in ag genome die afgelope swak landboujare. Eksterne beleggings het ‘n wesenlike bydrae gelever tot die resultaat.

Soos aan u gekommunikeer, is ‘n hele paar kapitaalprojekte in die jaar onder oorsig afgehandel. Auas Valley hoort ook binnekort afgehandel te wees en vertrou ons dat juis hierdie projek, in die jare wat voorlê, tot groter stabiliteit in die inkomstevloei van Agra sal bydra.

Die intervensie van ‘n bestuurskonsultante groep, die herstrukturering van ons besigheid, naamlik handel en lewende hawe afsonderlik, die ondersoek na en implementering van ‘n nuwe rekenaarsstelsel, die groter klem op personeelhantering en veral opleiding en die toerus van persone is alles aksies wat, in die nuwe jaar, momentum sal gee aan ‘n nuwe benadering tot ons besigheid. Ons wil fokus op ons takke en die diens wat daar gelever word, tesame met groot klem op koste-effektiwiteit – om sodoende ons begroting te behaal en dalk daarop te verbeter.

Na soveel ontwikkeling en investering in die afgelope tyd, sal hierdie jaar ook een wees wat gekenmerk sal word deur konsolidasie. ‘n Ander belangrike aspek van ons besigheid: Voorbereidings vir die implementering van die “Affirmative Action” wetgewing is reeds geruime tyd aan die gang en sal ‘n hoë prioriteit bly, om te verseker dat alle betrokke partye daarby sal baat. Dit bly Agra se strewe om daar te wees tot voordeel van ons lede, maar ook tot voordeel van ons land.

Waar hierdie prosesse en aksies groot insette en bydraes geverg het van bestuur en personeel – my opregte dank aan elkeen van u. So ook aan elke lid, elke ondersteuner en elke medewerker van AGRA my opregte dank vir u ondersteuning en samewerking.

Lastly I want to thank every co-director and SC member for their support and contributions made in the interest of AGRA and together we thank Him who made everything possible during the past year.

Laastens my dank aan elke mede-direkteur en TK lid vir u ondersteuning en bydraes in belang van AGRA, en saam dank ons Hom wat alles moontlik gemaak het in die afgelope jaar.

**J W CHAPMAN
CHAIRMAN
VOORSITTER**

for the year ended 31 July 2000

vir die jaar geëindig 31 Julie 2000

OVERVIEW

For the first time in many years Namibia experienced an above average rain season which was spread over virtually the whole country.

Whilst this in itself does not improve economic conditions overnight it creates a climate of optimism amongst our farming community which is important for the future existence of agriculture in this country.

Unfortunately there were no significant other positive changes in our economy. Unemployment still presents the major challenge to both the public and the private sector, which can only be addressed through economic growth.

Interest rates have continued their downward trend to the current prime lending rate of 15,5 % per annum. This had a limited positive impact on consumer spending and the general debt situation of individuals.

AGRA embarked on a relatively intensive capital expenditure programme for the year under review, which resulted in cash outflows as well as an increase in AGRA's long-term liabilities.

Below follows an analysis of AGRA's results:

1. **LIVESTOCK**

Gross value of livestock transactions for the year under review (excluding karakul pelts and wool) amounted to N\$270 million compared to N\$247 million in 1999. This represents an increase of 9,3 %. Net turnover achieved in this category totalled N\$10,63 million compared to N\$9,48 million in 1999, an increase of 12,1 %. Growth in this division was achieved mostly through AGRA's Livestock Auction Business and a recovery of market share in the small stock category.

1.1 **Karakul**

Pelt quantities offered for sale at the two auctions in Copenhagen during December 1999 and June 2000 amounted to 92 232 which shows a slight increase of 6 % compared to the 87 202 skins sold during the year ending July 1999. Prices of pelts increased from an average of N\$156,40 in the last financial period to N\$161,22 for the year under review.

It still seems as if the fur industry is continuing with its recovery phase and that prices of fur, and for that matter Karakul pelts, can be predicted to remain stable in the foreseeable future.

OORSIG

Vir die eerste keer in baie jare het Namibië 'n bogemiddelde reënseisoen ondervind wat versprei was oor feitlik die hele land.

Alhoewel dit opsigself nie die ekonomiese toestand oornag verbeter nie, skep dit 'n klimaat van optimisme onder ons boeregemeenskap wat belangrik is vir die voortbestaan van landbou in hierdie land.

Ongelukkig was daar geen ander wesenlike positiewe veranderinge in die ekonomie nie. Werkloosheid verskaf nog steeds die grootste uitdaging aan beide die publieke en privaatsektor, wat slegs geadresseer kan word deur ekonomiese groei.

Rentekoerse het hulle afwaartse tendens voortgesit tot by die huidige primaleningskoers van 15,5% per jaar. Dit het 'n beperkte positiewe impak gehad op verbruikersbesteding en die algemene skuldsituasie van individue.

AGRA het gedurende die jaar onder oorsig 'n relatiewe intensiewe kapitale spanderingsprogram aangepak, wat kontantuitvloei tot gevolg gehad het sowel as 'n toename in AGRA se langtermynverpligtinge. Dit sal egter AGRA se toekomstige inkomstestrome verbeter. Hieronder volg 'n ontleding van AGRA se resultate:

1. **LEWENDE HAWE**

Die bruto waarde van lewende hawe transaksies vir jaar onder oorsig (uitgesluit karakoelpelse en wol) het N\$270 miljoen beloop in vergelyking met die N\$247 miljoen in 1999. Dit verteenwoordig 'n toename van 9,3%. Netto omset behaal in hierdie kategorie het N\$10,63 miljoen beloop in vergelyking met N\$9,48 miljoen in 1999, 'n toename van 12,1%. Groei in hierdie afdeling was hoofsaaklik behaal deur AGRA se Lewende Hawe veilingsbesigheid en 'n herwinning van marktaandeel in die kleinveekategorie.

1.1 **Karakoel**

Die hoeveelheid karakoelpelse te koop aangebied by die twee veilings in Copenhagen gedurende Desember 1999 en Junie 2000 beloop 'n totaal van 92 232 pelse wat 'n geringe toename van 6% verteenwoordig in vergelyking met die 87 202 pelse verkoop gedurende die jaar geëindig Julie 1999. Pryse van pelse het toegeneem vanaf 'n gemiddelde van N\$156,40 in die vorige finansiële periode na N\$161,22 gedurende die jaar onder oorsig.

Dit blyk asof die pelsindustrie voortgaan met sy herstelfase en dat ons kan voorspel dat die pryse van pelse, en meer spesifiek van karakoelpelse, stabiel sal

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

for the year ended 31 July 2000

This will depend to a large extent on the outcome of decisions taken by governments, especially in England and the Netherlands where anti-fur lobbies are trying to have legislation against fur farming enacted.

The AGRA Pelt Centre was once again not in a position to break even and showed a loss of N\$127 000 (1999: N\$113 000) due largely to the low number of pelts sorted against increasing labour costs. We expect pelt quantities offered for sale to increase in the current year, which should result in an improved financial result in the year 2000/2001.

1.2 Overall livestock division

As a result of the increased turnover, cost saving measures and increased margins that were obtained in this division, the net result before Head Office overhead costs achieved increased to N\$1,9 million (1999: N\$1,0 million).

2. TRADE

Total Group Turnover amounted to N\$234 million compared to N\$218 million in 1999. This represents a growth of 7,3 %.

2.1 Agra Branches

Due to the fact that an above average rain season was experienced country wide, the demand for feeds and licks declined by 13 % compared to 1999. This resulted in the turnover for the AGRA branches increasing only by 1,3 % or N\$2,4 million during the financial year. Nevertheless, the profit achieved in this division before Head Office overhead costs increased by 16 % from N\$2,8 million in 1999 to N\$3,3 million due largely to more effective cost control and slightly improved margins.

2.2 Wholesale activities

AGRA's Wholesale Division consists of the AGRA Distribution Depot, Gas Depots in Okahandja and Keetmanshoop and Safari Den Branches in the Auas Valley Shopping Mall, Post Street Mall and Swakopmund.

- Turnover in the Distribution Depot increased by N\$916 000 (5 %) to N\$20,4 million.
- Turnover in the two Gas Depots increased by N\$3,9 million (51 %) to N\$11,6 million.
- The Safari Den Division increased its turnover by N\$1,1 million (16 %) to N\$7,6 million.

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

vir die jaar geëindig 31 Julie 2000

bly in die naby toekoms. Dit sal in 'n groot mate afhang van die besluite wat deur die regerings geneem word, veral in England en Nederland waar anti-pels drukgroepe probeer om wetgewing teen pelsboerdery deur te voer.

Die AGRA pelssentrum was weereens nie in 'n posisie om gelyk te breek nie en het 'n verlies getoon van N\$127 000 (1999 : N\$113 000) hoofsaaklik as gevolg van die lae hoeveelhede pelse gesorteer teenoor 'n toename in arbeidskoste. Ons verwag dat pelshoeveelhede te koop aangebied hierdie jaar sal toeneem, wat verbeterde finansiële resultate in die jaar 2000/2001 tot gevolg behoort te hê.

1.2 Algehele lewende hawe afdeling

As gevolg van 'n styging in die omset en groter marges wat behaal is in hierdie afdeling, het die netto resultaat voor hoofkantoor oorhoofse koste toegeneem na N\$1,9 miljoen (1999 : N\$ 1,0 miljoen).

2. HANDEL

Totale groepsomset het N\$234 miljoen beloop in vergelyking met N\$218 miljoen in 1999. Dit verteenwoordig 'n groei van 7,3%.

2.1 Agra takke

As gevolg van die feit dat 'n bogemiddelde reënvalseisoen landswyd beleef is, het die vraag na voere en lekkies afgeneem met 13% in vergelyking met 1999. Dit het tot gevolg gehad dat die omset vir die Agra takke met slegs 1,3% of N\$2,4 miljoen, gestyg het gedurende die finansiële jaar. Ten spyte daarvan, het die wins behaal in hierdie afdeling voor hoofkantoor oorhoofse koste toegeneem met 16% van N\$2,8 miljoen in 1999 na N\$3,3 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van meer effektiewe kostebeheer en 'n klein toename in marges.

2.2 Groothandel-aktiwiteite

AGRA se groothandelafdeling bestaan uit die AGRA Distribusiesentrum, Gasdepots in Okahandja en Keetmanshoop en Safari Den takke in die Auas Valley Winkelsentrum, Post Street Mall en Swakopmund.

- Omset in die distribusiesentrum het toegeneem met N\$916 000 (5%) na N\$20,4 miljoen.
- Omset in die twee gasdepots het toegeneem met N\$3,9 miljoen (51%) na N\$11,6 miljoen.
- Die Safari Den afdeling het sy omset verhoog met N\$1,1 miljoen (16%) na N\$7,6 miljoen.

for the year ended 31 July 2000

vir die jaar geëindig 31 Julie 2000

Due to effective cost saving measures, the total cost component of this division increased by only 5 % during the year resulting in an increased profit before Head Office overhead costs of N\$1,4 million compared to a figure of N\$0,7 million in 1999.

3. SUBSIDIARIES AND ASSOCIATED COMPANIES

3.1 Wire Industries

During the year under review this subsidiary commenced the distribution function for the AGRA branches of Wooden Poles and Droppers. These services are provided at very low margins. In addition the Fencing Material Market remained very competitive which resulted in a lower than expected net profit of N\$95 000. Net profit after taxation however amounted to N\$425 000 (1999: N\$433 000) as a result of a positive deferred taxation adjustment during this year.

3.2 Star Plastics

Once again we have to report a disappointing result for this subsidiary. Although turnover increased by 2 % compared to 1999, costs increased by 18 % mostly as a result of increased building rental and municipal costs both of which increased by more than 100 %.

Due to a positive deferred tax adjustment the current year's loss was transformed into a profit after taxation of N\$43 000 (1999: Loss of N\$249 000).

4. AGRA (CO-OPERATIVE) LIMITED – HEAD OFFICE

During the year under review AGRA appointed a group of Management Consultants for the purpose of streamlining AGRA's strategic focus areas, improving and implementing system controls, and improving productivity in all spheres of AGRA's business. This project was successfully completed at the end of July of this year, and savings to be realised from this intervention will be forthcoming in the next financial years.

We have also committed ourselves to the implementation of a new state-of-the-art on-line computer system. Implementation will commence in October 2000 with completion date approximately May 2001. Most of the preparatory work for the selection of a suitable system, was done and certain hardware costs were incurred during the current year increasing Information Technology Costs by 18 % compared to 1999.

As gevolg van effektiewe kostebeheermaatreëls het die totale kostekomponent van hierdie afdeling met slegs 5% toegeneem gedurende die jaar, wat 'n verbeterde wins voor hoofkantoor oorhoofse koste van N\$1,4 miljoen tot gevolg het in vergelyking met 'n syfer van N\$0,7 miljoen in 1999.

3. FILIALE EN VERWANTE MAATSKAPPYE

3.1 Wire Industries

Gedurende die jaar onder oorsig het hierdie filiaal begin om die verspreidingsfunksie vir die AGRA takke te behartig ten opsigte van houtpale en sparre. Hierdie dienste word verskaf teen baie lae marges. Verder het die kammateriaalmarkt baie mededingend gebly, wat 'n laer as verwagte netto wins van N\$95 000 tot gevolg gehad het. Netto wins na belasting beloop egter N\$425 000 (1999 : N\$433 000) as gevolg van 'n positiewe uitgestelde belasting aanpassing gedurende die jaar.

3.2 Star Plastics

Weereens moet ons teleurstellende resultate rapporteer vir hierdie filiaal. Alhoewel omset met 2% toegeneem het in vergelyking met 1999, het koste met 18% toegeneem hoofsaaklik as gevolg van 'n toename in huur van geboue en munisipale koste, wat beide met meer as 100% toegeneem het.

As gevolg van 'n positiewe uitgestelde belasting aanpassing het die huidige jaar se verlies omgeswaai in 'n wins na belasting van N\$43 000 (1999: verlies van N\$249 000).

4. AGRA (KOÖPERATIEF) BEPERK – HOOFKANTOOR

Gedurende die jaar onder oorsig het AGRA 'n groep van bestuurskonsultante aangestel met die doel om AGRA se strategiese fokusareas meer stroombelyn te maak, vir die verbetering en implementering van stelselkontroles, en vir die verbetering van produktiwiteit in alle aspekte van AGRA se besigheid. Hierdie projek was suksesvol voltooi teen einde van Julie hierdie jaar, en die besparings wat sal voortspruit uit hierdie ingryping sal in die volgende finansiële jare gesien word.

Ons het onself ook verbind tot die implementering van 'n nuwe moderne aanlyn-rekenaarstelsel. Die implementering sal begin gedurende Oktober 2000 met 'n verwagte voltooiingsdatum van Mei 2001. Die meeste van die voorbereidingswerk vir die seleksie van 'n toepaslike stelsel is al gedoen en sekere hardewarekoste is gedurende die huidige jaar aangegaan, wat die inligtingtegnologiese koste met 18% verhoog het in vergelyking met 1999.

for the year ended 31 July 2000

The Human Resources Division Costs increased by 31 % mostly as a result of the increase in the medical aid contributions for pensioners, which increased by 56 % to N\$1,24 million during the financial year.

As a result of the above Head Office costs increased by 29 % compared to 1999.

5. AUAS VALLEY SHOPPING MALL

Probably one of the biggest projects ever undertaken by AGRA was the establishment of the Auas Valley Shopping Mall. It entailed the upgrading of the old Alfa Supermarket, the provision of nineteen Lineshops, the building of a ramp linking the first floor of the building complex with the ground floor, creating additional parking facilities and the linking of AGRA's Windhoek Branch with the Shopping Mall.

Due to various factors including the complexity of renovating an old building that does not comply to many specifications and the fact that virtually all services (electrical, water and sewerage) had to be renewed, the project was not completed in the specified time frame.

The official opening of the Mall took place on 31 August 2000 although the refurbishment of the AGRA Branch, the first floor of the complex and additional parking facilities will only be completed by the end of November 2000.

In the long term this project will contribute substantially to AGRA's profitability. During the current year however it had a major impact on cash outflows and interest payments.

Total cost of the project is estimated to amount to approximately N\$20 million.

6. FINANCIAL RESULTS

Notwithstanding the fact that major changes were effected in AGRA's organisational structure, management consulting fees had to be paid and the Auas Valley Project that increased our interest burden we are pleased to report to our members a group net surplus of N\$4,98 million after taxation for the year under review (1999: N\$4,75 million). AGRA (Co-operative) Ltd achieved a net surplus of N\$4,51 million compared to the budgeted surplus of N\$3,87 million and N\$4,56 million for 1999.

Gross Profits increased by 9 % for the group and 8 % for the Co-operative to N\$47 million and N\$42 million respectively.

vir die jaar geëindig 31 Julie 2000

Die personeelafdelingkoste het met 31% toegeneem hoofsaaklik as gevolg van die toename in die mediese-fondsbydraes vir pensioenarisse wat met 56% toegeneem het na N\$1,24 miljoen gedurende die finansiële jaar.

As gevolg van bogenoemde het hoofkantoor koste toegeneem met 29% in vergelyking met 1999.

5. AUAS VALLEY WINKELSENTRUM

Waarskynlik een van die grootste projekte ooit onderneem deur AGRA was die oprigting van die Auas Valley Winkelsentrum. Dit het behels die opgradering van die ou Alfa Supermark, die voorsiening van neëntien lynwinkels, die bou van 'n oloop wat die eerste verdieping van die geboue-kompleks verbind met die grondvloer, die skepping van addisionele parkeerruimte en die verbinding van AGRA se Windhoek-tak met die winkelsentrum.

As gevolg van verskeie faktore, insluitende die kompleksiteit van die opknapping van 'n ou gebou wat nie voldoen aan baie spesifikasies nie, en die feit dat feitlik alle dienste (elektries, water en riool) vernuwe moes word, was die projek nie voltooi in die gespesifiseerde tydskedule nie.

Die amptelike opening van die kompleks het plaasgevind op 31 Augustus 2000, ten spyte daarvan dat die opknapping van die AGRA-tak, die eerste vloer van die kompleks en die addisionele parkeerruimte eers teen die einde van November 2000 voltooi sal wees.

In die langtermyn sal hierdie projek wesenlik bydra tot AGRA se winsgewendheid. Gedurende die huidige jaar het dit egter 'n groot impak gehad op die kontantuitvloei en rentebetalinge.

Die totale koste van die projek word beraam op ongeveer N\$20 miljoen.

6. FINANSIËLE RESULTATE

Nieteenstaande die feit dat groot veranderings aangebring is in AGRA se organisatoriese struktuur, bestuursadviesdienste-fooie wat betaal moes word, en die Auas Valley Winkelsentrum projek wat tot gevolg gehad het dat ons rentelas toegeneem het, is dit vir ons aangenaam om aan ons lede 'n groep surplus van N\$4,98 miljoen na belasting vir die jaar onder oorsig te rapporteer (1999: N\$4,75 miljoen). AGRA (Koöperatief) Beperk het 'n netto surplus van N\$4,51 miljoen behaal in vergelyking met die begrote surplus van N\$3,87 miljoen en N\$4,56 miljoen vir 1999.

Bruto winste het toegeneem met 9% vir die groep en 8% vir die Koöperasie na N\$47 miljoen en N\$42 miljoen onderskeidelik.

REPORT OF THE CHIEF EXECUTIVE OFFICER

for the year ended 31 July 1999

VERSLAG VAN DIE HOOF UITVOERENDE BEAMPTTE

vir die jaar geëindig 31 Julie 1999

Total expenses increased by 8 % for the group and 8,9 % for the Co-operative.

Major Cost Categories performed as follows compared to 1999:

Stock Costs:	Decreased by 6 % as a result of more effective stock controls which will be further developed to result in more savings.
Marketing Costs:	Increased by 19 % mainly due to AGRA's more aggressive advertising policy and the appointment of livestock agents who receive commission on service rendered.
Transport Costs:	Increased by 12 %. This is mainly due to higher fuel prices.
Personnel Costs:	Increased by 3 %. AGRA has continued with its drive to ensure productivity in all areas. This is the main reason for the low increase in these costs.
Admin Costs:	Increased by 25 % mainly as a result of the intervention by the management consultants and higher Information Technology costs.
Financing Costs:	Increased by 2 %. This low increase was achieved because of a drop in interest rates during the year, which off-set the increase in financing costs incurred on the Auas Valley Development.

Balance Sheet Ratios of the Group and the Co-operative remain sound although the debt to equity ratio has changed from 17,5 % in 1999 to 39,7 % in the current year which is a direct result of the upgrading of the Windhoek Erf into the Auas Valley Shopping Mall, as well as the fact that provision of N\$25 million had to be made for the liability of AGRA for the payment of future medical aid benefits to pensioners. Current assets to Current Liabilities ratio declined slightly from 1,87:1 in 1999 to 1,55:1 in 2000.

Totale uitgawes het toegeneem met 8% vir die groep en 8,9% vir die Koöperasie.

Die belangrikste kostekategorieë het as volg presteer in vergelyking met 1999:

Voorraadkoste:	Afgeneem met 6% as gevolg van meer effektiewe voorraad-beheermaatreëls wat verder ontwikkel sal word om verdere kostes te bespaar.
Bemarkingskoste:	Toegeneem met 19% hoofsaaklik as gevolg van AGRA se meer aggresiewe advertensiebeleid en die aanstelling van Lewende Hawe agente wie kommissie ontvang op dienste gelewer.
Vervoerkoste:	Toegeneem met 12%. Dit is hoofsaaklik as gevolg van hoër brandstofpryse.
Personeelkoste :	Toegeneem met 3%. AGRA het voortgegaan met sy strewe om produktiwiteit te verbeter in alle areas. Dit is die hoofrede vir die lae styging in hierdie koste.
Administratiewe koste:	Toegeneem met 25% hoofsaaklik as gevolg van die ingryping van die bestuurskonsultante en die hoër inligtingstegnologie-koste.
Finansieringskoste:	Toegeneem met 2%. Hierdie lae styging was behaal as gevolg van 'n afname in rentekoerse gedurende die jaar, wat afgesit is teen die toename in finansieringskoste aangegaan op die Auas Valley Winkelsentrum-ontwikkeling.

Balanstaatverhoudings van die groep en die koöperasie het gesond gebly, al het die skuld tot ekwiteit-verhouding verander van 17,5% in 1999 tot 39,7% in die huidige jaar, wat die direkte resultaat is van die opgradering van die Windhoek erf na die Auas Valley Winkelsentrum, sowel as die feit dat 'n voorsiening van N\$25 miljoen gemaak moes word vir die aanspreeklikheid wat AGRA het vir die betaling van toekomstige mediese fondsvoordele aan pensioenarisse. Die bedryfsbate tot bedryfslaste verhouding het effens afgeneem van 1,87:1 in 1999 tot 1,55:1 in 2000.

for the year ended 31 July 2000

vir die jaar geëindig 31 Julie 2000

7. CAPITAL EXPENDITURE

During the year under review an amount of N\$15,7 million was spent on capital expenditure compared to the budgeted figure of N\$20,8 million.

Major Categories were:

	N\$
Information Technology	792 000
Commercial Motor Vehicles	96 000
Operational Assets (Shelving, fridges etc)	685 000
Structural upgrading of branches	4 671 000
Auas Valley Shopping Mall	9 212 000
Other	<u>286 000</u>
Total	<u>15 742 000</u>

The process of systematically upgrading AGRA's existing branches, the finalisation of phases 2 and 3 of the Auas Valley project as well as the implementation of a new Information Technology system will form part of next year's Capital Expenditure.

The expenditure is considered necessary in order to maintain your Co-operative's competitiveness in the market place and to ensure future financial viability.

8. FUTURE OUTLOOK

It is our view that the Co-operative is now structured in such a way that it can focus on its various activities of which the Trading and Livestock division are the most important.

Our aim for the forthcoming year is to concentrate on customer service, product and service availability, effective cost control and competitive pricing.

We are of the opinion that conditions in the Namibian economy will not undergo dramatic positive changes, which will mean that there is limited potential for growth in our market.

This means that a period of consolidation of our activities lies ahead in which we have to improve the service levels to our customers and concentrate on cost-effective operations.

The change-over from the General Sales Tax and Additional Sales Levy environ-

7. KAPITALE SPANDERINGS

Gedurende die jaar onder oorsig is 'n bedrag van N\$15,7 miljoen spandeer aan kapitale uitgawes in vergelyking met die begrote syfer van N\$20,8 miljoen.

Die belangrikste kategorieë was:

	N\$
Inligtingstegnologie	792 000
Handelsvoertuie	96 000
Operasionele bates (rakke, yskaste ens)	685 000
Strukturele opgradering van takke	4 671 000
Auas Valley Winkelsentrum	9 212 000
Ander	<u>286 000</u>
Totaal	<u>15 742 000</u>

Die proses van sistematiese opgradering van AGRA se bestaande takke, die finalisering van fase 2 en 3 van Auas Valley projek sowel as die implementering van die nuwe inligtingstegnologiëstelsel sal deel vorm van volgende jaar se kapitale spanderings.

Die uitgawe word nodig geag ten einde die koöperasie se mededingendheid in die mark te behou en om toekomstige finansiële lewensvatbaarheid te verseker.

8. TOEKOMSTIGE VERWAGTINGE

Dit is ons mening dat die Koöperasie nou so gestruktureer is dat dit kan fokus op sy onderskeie aktiwiteite waarvan die handel en lewende hawe afdelings die belangrikste is.

